Ges. 47:1, 2.
Ges. 60: 1, 4.
Ges. 62: 6

# Skynende ligte.

Mt. 5: 13-16
Joh. 8: 12-19.

Pta Oos D/S 4 Febr. 1951.

Mt. 5:14 - Julle is die lig v. d. wêreld.

Ek onthou nog goed 'n sekere dag i/d studeerkamer van my vader toe ek as klein seuntjie vir d. eerste maal toegelaat was om sy goue sakhorlosie op te tel en die dop te laat oopklap sodat my vader kon sien hoe laat dit ~~is~~ was. Oomblik van stralende vreugde - dat my vader my met ~~die~~ sy kosbare geskenk v. minde kon vertrou!

So stel ek my voor moes d. skare v. diss[s] gevoel het toe Xtus hd. rede aan hulle gerig het: „Julle is d. sout v.d. aarde" „Julle is d. lig v.d. wêreld" — Om te dink dat Hy soveel in hulle sien! Laat ons dan dadelik sien:

I Die Verrassende Vertroue v.d. Heiland in Sy Volgelinge: Hy vergelyk sy gemeente hier met d. son wat skyn, in al sy str. glans, m.d. soutlae wat diep i/d aarde verborge lê. Hy wil d. gemeente laat besef hoeveel Hy v. hulle vermag. Daarom noem Hy hulle: „d. lig v.d. wêreld" - nie d. lig v. hulle omgewing, v. hulle volk, v. hulle tyd — nee v.d. wêreld! Hoe is dit moontlik dat Xt. so iets kon sê? - Die diss[s] nog nie eers begin werk nie, nog nie eers besef gehad van wat vir hulle wag nie!

En as ons dink a.d. wêr. v/dag, ~~...~~ byna 2000 jr. na Kt. se wd, ~~...~~ en ons aanskou d. gaos op polit. gebied, die verwildering op sedel. gebied, d. wanhoop & twyfel op geest. gebied, dan kom d. v.: Waar is d. lig v.d. Kten? Is ons hd. vertroue werd?

Hoe duidelik laat al hd. dinge ons sien: dat d. Kt.gemeente hd. lig nooit ~~uit~~ in h/s het nie! (Genade v God) Daar waar d. seens aan h/s oorgelaat word is daar geen lig - net d. duister! „Ja" ~~maar~~, sal baie vra, „mr. wat dan v.d. lig v.d. gewete, d. lig v. kennis, d. lig v. 'n vrome voorgeslag?" Al hd. dinge, my br. & st., mr. weerkaatsers - d. lig wat hulle ~~laat~~ uitstraal kom nie uit dd. homme nie - d. eintlike lig wat skyn is elders!

Want as Kt. sê: „Julle is d. lig v.d. wêr." ~~dan~~ moet ons dit altyd aanhoor & besien in d. lig v. d. waarhd wat hd. voorafgaan: „Ek is d. lig v.d. wêreld": ① ons erken as gemeente: „Kt. d. lig v.d. wêr" - hd. oorweldigende aanspraak aanvaar & glo; ② Dan dd. lig in ons laat skyn om d. duister in eie binneste te verdrywe!

Soos huis met flou ligte v. klein elektr. toestel (wat eie krag ...) - d. oomblik wnr aangeskakel by sterk stroom van dorp: nuwe aansig & voorkoms!

As ons hd. whd nie wil aanvaar - alles tevergeefs. Kt se wd: „Julle is d. lig v.d. wêreld" eers dan waar as ek eerlik kan bely saam m. d. gemeente v. o.: „Kt. is d. lig van my wêreld!"

II Die Vanselfs. Gevolg v. hd. Belydenis: Kt. gaan 'n stappie verder: wil sy dis laat verstaan dat lig uit h/s skyn (vs. 14b & 15): as dit eenmaal aangesteek is, is dit so duidelik dat niem. dit kan mis nie: dis sy vanselfs. funksie - en as dit 'n valse lig is, sal geen weerkaatsing van buite dit tot lig maak nie. Op sy meeste 'n tydelike glans wat verdwyn sodra d. lig self weggehaal word (Kindjie & kers voor spieël „Mammo, kyk, twee kersies"!)

Vir d. Kten & d. gemeente v God het hd. woord v Kt. 'n dubbele implikasie:

① As sy lewe 'n getuienis het sal dit h/self na vore kom: sal nie nodig wees om angsvallig te propageer, orals te adverteer - sal soos magneet werk: h/self trek!

② As sy lewe nie 'n getuienis het nie, sal geen valse pogings dit ooit besorg nie: Vir 'n tyd lank kan hy mense mislei, d. waarhd bedek mr.: d. wêr. sal hom ontdek, d. lewe sal hom blootstel. die tyd sal hom weeg & te lig bevind want d. ewige wette van God sal hulle eie oordeel vel!

→ I.d. lig hv: hoe ernstig staan ons as Ktene & as gemeente v. Ktn veroordeel oor d. donkerhd v. ons tyd & oor d baie goedkoop pogings om mense na d. lig te bring!

III Die Vermaning wat h/by Pas: Vs. 16:

Laat julle lig so skyn: dus 'n bepaalde manier wat Xt. verlang:

① Dat ons lewes ~~bring die~~ sy eie Boodsk. bring:

- wil nie sê dat ons nie deur d. wd. moet getuig nie - inteendeel - mr. veral deur d. daad! Mense moet oortuig word meer deur ons lewes ~~& nie~~ as deur ons lippe!

Die vr. dus nie: Is my lig klein of groot - mr: is dit eg?

② Vader verheerlik: As ons lig skyn & ons ~~werke~~ ~~goed~~ lewes aantreklik is, sal mense ons wil vereer & verhoog. En juis omdat Xt. geweet het watter gevaar dit vir d Xten & d. gemeente inhou, het Hy d. ~~Hoofs~~. ~~nodige~~ tydige vermaning bygevoeg: Moenie aan mense julle werke wys nie - wys hulle julle Here. En as hulle na julle kom om lig & leiding, lei hulle dan na d. Bron v julle lig, die bron v. alle lig: „Jesus Christus, d. Lig v.d. Wêreld"

Amen